

## Personeelkamer Opening

62. Hou die fakkel op

**Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg**

Dié week was ek kwaad. Kwaad en hartseer. 'n Vrou daag op by ons radiostasie om vir gebed te vra. Haar lewe spat uitmekaar. Dae vantevore het sy ontdek waarom haar 10-jarige seun sy broek natmaak in stresvolle situasies. Ook waarom haar man snags uit hulle bed is. In haar eie huis was haar man besig om hulle seun te molesteer.

Ek was kwaad vir die pa. Was hy nie veronderstel om sy kind te beskerm nie? My hart wou breek vir die ma wat alleen die warboel van emosies moet hanteer terwyl sy vir die res van die gesin moet sterkstaan.

Wanneer ek aan die storie dink (en terloops jy sal dit nooit kan raai as jy die ma in die straat sien nie), vra ek myself af hoeveel ander mense rondom ons ook soos gewonde soldate leef?

Hulle hou 'n brawe gesig vir die wêreld voor terwyl hulle harte uitmekaar skeur.

Kan ons almal red? Ek wens ons kon. Wat ons wel kan doen is om fakkels van hoop op te hou - om die stad op die heuwel te wees vir dié wat deur die duisternis van onreg in hulle lewens verswelg word. Om Jesus vir hulle te wys.

In Matteus 5:14,16 lees ons: "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Kom ons hou die fakkels op. Soms doen ons dit met 'n gebed, ander kere met 'n sak kruideniersware en nog ander kere deur 'n blote glimlag of 'n vriendelike woord.

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop <https://www.facebook.com/storiesvanhoop>, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.